Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Besluite

## 1Korintiërs 10:23-11:1

Partykeer is dit baie moeilik om besluite te neem, veral as 'n mens vra: Wat sou God wou hê moet ek hieroor of daaroor besluit? Of dalk nie? Lees die teksgedeelte en vra jouself af:

- Is dit waaroor ek moet besluit god of opbouend?
- Is dit tot eer van God?
- Sal dit ander laat struikel of aanstoot gee?
- Volg ek Jesus se voorbeeld hierin?
- Het ek vrede in my hart of bly ek twyfel?
- Wat sê my gewete? (1 Timoteus 1:18-19)

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?

**Definisie:**

Iets waaroor jy keuses moet maak.

**Alternatiewe definitie:**

Dinge wat verklap wie jy is.

(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

# Besluite

*Hoe maklik dink jy is om iemand vryer as jy te beoordeel of te kritiseer en om iemand strenger as jy te verag. Hoe hanteer ons die verskille?*

*In watter mate is ons standaarde al generasies lank deur die wêreld beïnvloed?*

*Hoe kan ons in die wêreld leef, maar nie toelaat dat dit ons besluite beïnvloed nie?*

*Hoe kan ons God die grootste invloed in ons besluitneming maak?*

*Kan jy God se leiding soek?*

*Wat het jy besluit om daarsonder te doen, want dit is nie goed vir jou nie, alhoewel dit in die Bybel toegelaat word?*

*Wat het jy besluit om deel te maak van jou leefstyl omdat dit jou opbou?*

*Die Christendom word dikwels as veroordelend en beperkend beskou. Hoe lyk dit om die lewe vry te leef en Jesus te volg?*

*Mag ons as volgelinge van Jesus aantreklike lewens lei?*

*Watter opofferings het jy gemaak omdat dit iemand anders kan laat struikel?*